SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

**Oktober 2025**

**OMSENDSKRYWE**

**AAN: ALLE GRAANPRODUSENTE IN DIE WESSTREEK BEDIENINGSGEBIED WAT INSLUIT DOUGLAS, HOPETOWN, LUCKHOFF, PETRUSVILLE, PRIESKA EN RIETRIVIER.**

**INNAME EN ALGEMENE REëLINGS: KORING 2025/ 26**

Met die koringoes op hande, gaan ons weer 'n besige tyd tegemoet en wil ons graag die volgende reëlings vroegtydig met u kommunikeer om die inname so glad as moontlik te laat verloop. U word ook vriendelik versoek om hierdie inligting met kontrakteurs te bespreek sodat hulle ook op hoogte sal wees van die reëlings.

**1. Administratief**

Elke vrag wat aangebied word, moet vergesel wees van 'n behoorlike voltooide geleibrief. Dit gebeur wel dat vragmotorbestuurders met vragte by die silo aankom en nie seker is wie se koring dit is nie. Sulke gevalle moet gewoonlik wag totdat die nodige inligting beskikbaar is. Dit sal waardeer word indien u asseblief u selfoonnommer op die geleibrief sal skryf, dan kan ons u kontak indien daar enige probleme is.

Ten einde te voldoen aan wetgewing soos aangekondig in die staatskoerant nr 41927 van 28 September 2018 word OVK verplig om met elke vrag die herkoms van die koring saad (maw die naam van die saadteler bv Pannar, Sensako of LNR) te stoor en dit so deur te gee na die SA Cultivar and Technology Agency NPC (Reg no 2016/217906/08). Produsente word dus versoek om die kode van die saad ook op die geleibrief aan te dui. Geen vrag kan ongelukkig daarsonder aanvaar word nie.

Die kliënt bevestig dat alle graan wat aan OVK gelewer of verkoop word voldoen aan die bepalings van die volgende wetgewing: Agricultural Product Standards Act, No 119 of 1990; Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, No 36 of 1947; Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, No 54 of 1972; Hazardous Substances Act, No 15 of 1973 asook enige ander relevante wetgewing of publikasie wat voorskrifte in verband met die verbouing van graan stipuleer.

**2. Aflaaireëlings**

Reëlings in hierdie verband, behels die volgende:

- OVK verskaf personeel wat sal aflaai.
- OVK personeel sal behulpsaam wees met die oop- en toemaak van vragmotorklappe. Indien u nie tevrede is met die manier wat personeel die klappe oopmaak nie, moet u dit asseblief met die Silobestuurder opneem.
- Produsente of kontrakteurs word versoek om spesifiek te let op die volgende aspekte van hul voertuie:

    * Syklappe en/ of sluise wat moeilik oop- en toemaak;
    * Voertuie wat net aan die een kant aflaai;
    * Voertuie sonder syklappe wat slegs agter aflaai;
    * Voertuie met te klein sluise wat stadig aflaai;
    * Voertuie wat olie lek kan 'n probleem skep (Voedselveiligheid vereistes);
    * Voertuie moet padwaardig wees.

Sou enige van bogenoemde aanleiding gee tot vertragings, behou OVK die reg voor om so 'n voertuig te laat wag. Lede se samewerking om hierdie aangeleenthede met kontrakteurs te bespreek, sal waardeer word.

**3. Ontvangste**

Die normale ure is van Maandae tot Vrydae 8:00 tot 17:00 en sal van toepassing wees met die aanvang, waarna dit sodra die behoefte daar is, aangepas sal word om die leweringsproses te vergemaklik. Die betrokke Silobestuurder behou egter die reg voor om leweringstye te wysig na gelang van omstandighede. Produsente sal dienooreenkomstig ingelig word.

**4. Nat koring**

Koring met 'n voginhoud van 13% word beskou as droog. Na gelang van omstandighede kan koring wel by sekere silo's teen 'n hoër vogpersentasie ingeneem word. As die hoeveelheid nat koring te veel word, behou OVK die reg voor om die ontvangstes van nat koring te stop. U word versoek om met die Silobestuurder te skakel ten opsigte van nat graan voordat u koring na die silo stuur.

5. **Droogkoste**

Aangesien die berging van koring teen ‘n voginhoud wat hoër is as die industrie standaarde, risiko’s skep vir die langtermyn opberging daarvan, moet vog afgedryf word deur droging of deurlugting.

Die volgende tariewe sal van toepassing wees op die verskillende vog intervalle:

| **VOG %** | **KOSTE PER TON (BTW uitgesluit)** |
|---|---|
| 13.1 tot 13.5 | Geen koste |
| 13.6 tot 14 | R 75.00 |
| 14.1 tot 15 | R 98.60 |
| 15.1 tot 16 | R192.20 |
| *****16.1 tot 17***** | R319.00 |
| *****17.1 tot 18***** | R400.00 |
| *****bo 18.1***** | R480.40 |

*****Elke silo se bestuurder sal self op eie diskressie besluit of ‘n voginhoud van bo 16.1% kan hanteer en ontvang word. *****
Drogingstariewe mag aangepas word indien die brandstofprys wesenlik verander.

**Massa aanpassings op nat koring**

Koring met voginhoud tot 13% word as droog geag en indien vog meer as 13% is, word ’n vogaanpassing op die inname massa gedoen terug na 13%. Nat koring met ’n vogpersentasie van byvoorbeeld 14.5% se massa word aangepas na 13% vog en die toepaslike drogingskoste word gehef.

6. **Siftariewe**

GIFTIGE SADE (Datura)

Indien giftige sade die graderings vereistes oorskry, sal die vrag slegs ingeneem word op diskressie van die Silobestuurder teen die ondergenoemde tariewe, andersins word die vrag weggewys.

| | |
|---|---|
| 11-15 sade | R132.50 per ton |
| Meer as 16 sade | R204.50 per ton |

SIFSELS / VREEMDE MATERIAAL %

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tot 3% | | | Geen koste |
| 3.1% | - | 4% | R 43.50 |
| 4.1% | - | 6% | R 76.30 |

Indien sifsels / vreemde matriaal % bo 6% is, word die graad aangepas.
* **Die bedrae soos bo getoon sluit nie BTW in nie en word per ton gehef.**

7. **Heffings**

7.1 **Statutêre Heffings**

Verpligte heffings (SACTA & SAWCIA) betaalbaar vir saad ontwikkeling per ton op koring en gars. WET OP BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996 (WET NO. 47 VAN 1996)

| **Instansie** | **Tarief** |
|---|---|
| SACTA | R35.00 |
| SAWCIA | R12.70 |

* **Die bedrae soos bo getoon sluit nie BTW in nie en word per ton gehef.**

7.2 **GSA navorsings- en onwikkelingsheffing**

‘n Heffing van R4.70 per ton (BTW uitgesluit) word tans namens Graan Suid-Afrika gehef. Indien u nie hierdie heffing wil laat verhaal nie, moet u OVK dadelik skriftelik daarvan in kennis stel.

**8. Kontaknommers en rapportering van probleme**

Indien u 'n probleem met enige van die personeel, of andersins probleme ondervind, bring dit asseblief onder die aandag van persone soos hieronder aangedui:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Graham Lottering | : | 082 853 4618 | : | Operasionele Bestuurder: Graan |
| Dries van der Linde | : | 082 805 1698 | : | Streekbestuurder: Wesstreek |
| Jan du Toit | : | 082 373 9128 | : | Oranjerivier silo |
| Frans Jood | : | 082 373 9108 | : | Havengabrug silo |
| Frienando Davids | : | 082 606 5344 | : | Morgenzon silo |
| Fanie Roos | : | 082 748 6880 | : | Rietrivier silo |
| Jacob Papasha | : | 082 778 5902 | : | Prieska silo / Zwemkuil Depot |

**9. Seile**

Dit word aanbeveel dat vragmotors seile byderhand moet hê, ingeval van reën. Drywers moet seile betyds oopmaak om monsterneming te bespoedig en sodoende staantyd te beperk.

**10. Veiligheid**

Enige persoon wat OVK se terrein betree, word op eie risiko op die terrein toegelaat. Wees asseblief oplettend wanneer u op die terrein beweeg aangesien dit 'n besige periode by die silo's is en baie voertuie op die terrein beweeg.

**11. Voertuie**

Voertuie wat langer as die skaal is kan ongelukkig nie hanteer word nie. Na aanleiding van wysigings op die padvervoer wet (ACT NO 93 OF 1996) wat afgekondig is in die staatskoerant van 31 Oktober 2014 mag geen Weegbrug meer geverifieër word om meer as 60 ton bruto massa te weeg nie. Maak asseblief by u Silobestuurder seker van die weegbrug se vermoë alvorens u begin lewer aangesien vragte bo 60 ton in die toekoms nie meer geweeg kan word nie. Voertuie wat nie Padwaardig is of olie lek, sal nie op die perseel toegelaat of afgelaai word nie.

**12. Gradering en graderingsinstrumente**

Koring word ontvang en gradeer onderhewig aan die Nasionale graderingsregulasie van Suid-Afrika asook onder die vereistes van die Landbou Produk Standaarde Wet en moet enige middels wat tydens die produksie proses toegedien was, binne hierdie standaarde goedgekeur wees. Indien u koring by die silo lewer, verklaar u dat u uself van sodanige wette vergewis het en sal OVK nie aanspreeklik gehou kan word indien voorraad weens nie-voldoening afgekeur word nie. OVK behou die reg voor om monsters van u oes te neem en te ontleed vir enige afwykings in hierdie verband.

Graderingsinstrumente word op 'n gereelde basis gediens en gekalibreer. Kalibrasie sertifikate is by alle silo's beskikbaar op navraag. Op vasgestelde tye word toetsmonsters, soos voorsien vanaf laboratoriums, getoets. Slegs gekwalifiseerde gradeerders sal gradering tydens inname doen.

**13. Karnal Bunt**

Die protokol van die Departement van Landbou sal toegepas word in verband met karnal bunt. Ingeval 'n vrag positief getoets word, sal die vrag nie deur OVK ontvang word nie. Die betrokke lid waar karnal bunt gevind word se besonderhede moet deurgegee word aan die Departement Landbou en elke geval sal op sy meriete hanteer word volgens neergelegde riglyne.

**14. Opberging**

**14.1 Indien opberging van koring plaasvind moet u asseblief dit soos volg op die geleibrief aandui.**

**a) Deurvoertarief**

Koring – R79.50 per ton plus R1.45 per ton per dag.

**b) Seisoentarief**

Vanaf 1 Oktober 2025 tot 30 September 2026 op koring – R190.00
Met die aankoop van koring wat op die seisoentarief gestoor word, sal hierdie seisoentarief dadelik gefaktureer en betaalbaar wees.

**c) Opgradering**

OVK kan nie by uitlaai van opbergvoorraad die graad waarborg nie en sal die toepaslike graderingsdiskonto's, soos deur OVK gepubliseer, van toepassing wees op die werklike grade wat uitgelaai word. Die produsent sal dus verantwoordelik wees vir enige kostes wat ontstaan as gevolg van enige opgradering(s). Let ook op die terme en voorwaardes van die silosertifikaat.

* **Die bedrae soos bo getoon sluit nie BTW in nie en word per ton gehef .**

**14.2 Heffing van opbergtarief**

Bogenoemde silokostes sal nie later as 30 September 2026 teen die produsent se rekening gedebiteer word nie.
Indien 'n produsent binne 10 dae vanaf lewering die betrokke voorraad aan OVK verkoop sal 10 dae gratis stoor ontvang word. Indien die voorraad egter na 10 dae vanaf lewering aan OVK verkoop word, sal opbergkoste vanaf dag 1 vanaf lewering betaalbaar wees, gevolglik sal daar geen gratis opberging wees nie.

Let egter daarop dat indien die produk voor genoemde datum uit die silo verwyder word, is die deurvoertarief en dagtariewe onmiddellik betaalbaar. Indien die graan na genoemde datum onttrek word is dagtariewe vanaf 30 September 2026 tot datum van onttrekking of aanvraag van silosertifikaat maandeliks deur die produsent betaalbaar.

Indien die graan wat as eie opberging gelewer is, of aan OVK verkoop word, voor 30 September 2026 word bogenoemde opbergkoste verhaal met die verkooptransaksie. Alternatiewelik hef die koste met aanvraag van 'n silosertifikaat, oorplasing na 'n ander rekening of by onttrekking van die graan.

**15. Graderingsregulasies vir koring**

**Broodkoring klasse is opgedeel in 4 grade**

* BSG
* B1
* B2
* B3

Onderhewig aan die volgende toelaatbare minimum vereistes:

| Graad | Minimum hektoliter massa | Minimum proteïen persentasie | Diskonto's |
|---|---|---|---|
| BSG | 76 kg | 12.5 % | R125.00 |
| B1 | 76 kg | 11.5 % | Par |
| B2 | 76 kg | 10.5 % | -R 63.00 |
| B3 | 74 kg | 9.5 % | -R250.00 |

**16. Lojaliteitskorting**

U word weer daarop gewys dat OVK u as lojale produsente vergoed wanneer u met OVK besigheid doen deur 'n lojaliteitskorting bepaal teen R25.00 per ton vir lewerings by 'n OVK silo en 'n addisionele R3.00 per ton vir tonne aan OVK verkoop.

Hierdie korting val u toe in die maand wat die graan gelewer of verkoop word. OVK aandele wat huidig uitstekend groei en waarop u jaarliks dividende verdien, word namens u met die korting gekoop en aan u toegedeel waaroor uself kan beskik.

OVK Groete

**Louis P. Fourie**
**BESTUURDER: GRAAN**